

Hoofstuk van die dag: Psalm 5

> *Maar laat almal wat by U skuil, bly wees, laat hulle altyd jubel. U beskerm dié wat u Naam liefhet, en hulle juig oor U. (vers 12)*

’n Predikant uit my kinderdae het sy kanselgebed telkens afgesluit deur die Here te dank vir die voorreg van aanbidding. Dit het vir my vreemd geklink, want vir my as

laerskoolseun was dit vanselfsprekend dat ons God mag aanbid. Vandag weet ek van beter. Wat ’n voorreg om met God te kan praat, en boonop te weet Hy luister (vers 4).
Dis nie ’n voorreg wat almal beskore is nie. Hooghartiges en goddeloses het geen plek by God nie en durf nie voor Hom kom nie (vers 5-6). Maar hulle wat met gepaste eerbied voor God leef, kan deur sy groot liefde in sy huis ingaan (vers 8).
Psalm 5 beklemtoon dat daar twee soorte mense is: Kinders van God en goddeloses. Met sy kinders het God ’n intense verhouding. Hulle leef naby Hom. Met die goddeloses het Hy geen verhouding nie, daarom is hulle mense sonder toekoms. Hierdie teks stel ons vandag nog voor die keuse: tuis by God of sonder God. Die keuse is joune.

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026